

**MNG1502**

( 497633)

Mei/Junie 2016

**BESTUUR IA**

Tydsuur 2 Uur

70 Punte

**EKSAMINATORE .**  
EERSTE  
TWEDE ·MNR AA DE BEER  
ME RT DEYSEL**Toeboekeksamen.****Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwys word nie****Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 17 bladsye plus instruksies vir die voltooiing van 'n merkleesblad****Beantwoord al die vrae op 'n merkleesblad en ook op die eksamenvraestel****Voltoo! asseblief die bywoningsregister op die agterblad, skeur af en oorhandig aan die opsiener****Sterkte!****[Blaai om]**

**Lees die volgende gevalliestudie en beantwoord die vrae wat volg.**

### **Amy's Sweet Treats**

Amy geniet dit om te bak en droom nog altyd daarvan om haar eie bakkery en koffiewinkel te besit. Op 'n dag vind sy toe die ideale plek, en maak haar eie koffiewinkel oop saam met twee van haar beste vriendinne, Thandi en Jade. Alhoewel besigheid aan die begin maar stadig was, het dit vinnig momentum gekry. Deesdae is hulle altyd vol bespreek, veral tydens teetyd. Met dié dat haar onderneming so goed doen, het Amy nog 'n vriend, Alex, in diens geneem, wat op soek was na werk nadat hy sy studies voltooi het. Die vier vriende vorm deel van die bestuurspan van *Amy's Sweet Treats*.

Amy is die hoofbakker en algemene bestuurder van die koffiewinkel. Sy het die visie en missie sowel as die doelwitte van die winkel ontwikkel. Amy glo dat haar werknekmers lief is vir hul werk en inherent gemotiveer is om hul werk te benader as 'n geleentheid om hul talente te ontwikkel. Sy plaas groot klem op die geluk en tevredenheid van dié wat onder haar werk en sy betrek dikwels haar kollegas by besluitneming. Sy deel graag idees en inligting waar moontlik, en sy probeer altyd om haar personeel aan te spoor om uit hul eie hul bes te doen.

Thandi is gemoeid met die verkryging, ontwikkeling, integrering en behoud van die koffiewinkelpersoneel. Sy is hoogs kreatief en vind dikwels nuwe maniere om doelwitte te bereik, of kom met nuwe benaderings vorendag om probleme op te los. Omdat sy so kreatief is, is Thandi ook as hoofversieder van die koeke en kolwyntjies by *Amy's Sweet Treats* aangestel.

Jade, wat 'n honneursgraad in finansiële bestuur het, is in beheer van die finansies van *Amy's Sweet Treats* geplaas. Sy glo dat indien 'n besluit nie gemeet kan word nie, dit nie bestuur kan word nie. Jade glo ook dat die werk ten alle koste gedoen moet word, selfs al sou dit beteken dat daar baie druk op die werknekmers geplaas word. Sy het 'n uitstekende vermoë om die koffiewinkel se visie aan die ander personeellede te verduidelik. Jade verbind haar ook ten volle tot die visie, ongeag die persoonlike risiko, koste of selfopofferung wat daarmee gepaard gaan.

Alex is die nuutste lid van die bestuurspan en is in beheer van bemarking. Omdat hy nog nuut is, ontvang Alex instruksies van Amy terwyl hy vertroud raak met die reels en procedures van die winkel. Alex is mal oor sy werk en hy werk hard om groter verantwoordelikheid en meer erkenning vir sy werk te kry. Hoewel die salaris en toesighouding belangrike faktore is, motiveer dit hom nie tot ekstra inspanning in sy werk nie.

Afgesien van die drie vriende het Amy die volgende personele in diens geneem

- Michael en Sarah, wat vir Amy in die kombuis help
- Angie, wat met die versiering en verpakking van die goedere help en direk aan Thandi rapporteer
- Chris, die barista wat verantwoordelik is vir die drankies en koffie, en wat ook die vakbondverteenvoordiger is

- Beauty, Tanya, Natasha en Sipho, die kelners

Amy het onlangs 'n nuwe ooreenkoms met 'n plaaslike boer aangegaan om die eiens en melk wat sy vir die koeke en fyngebak benodig aan haar te verskaf. Sy het ook 'n nuwe kontrak met 'n internasjonale koffiehuis gesluit om haar van haar unieke mengsel koffiebone te voorsien. As gevolg van die konstante kragonderbrekings, het Amy besluit om 'n kragopwekker te koop sodat sy steeds haar kliënte kan bedien en om te verhoed dat haar produkte bederf. Sodoende het sy 'n mededingingsvoordeel bo "The Tea Garden Restaurant", 'n koek- en koffiewinkel onder in die straat wat hul deur moet sluit tydens kragonderbrekings. Amy het ook 'n innoverende koffiemasjien by 'n maatskappy in Duitsland gekoop. Hierdie masjien gebruik 'n kwart van die elektrisiteit wat haar huidige masjien gebruik, en kan in 'n fraksie van die tyd gespesialiseerde koffievarieteite maak.

Amy vergader elke Maandagoggend met al haar werknemers voordat die koffiewinkel amptelik oopmaak vir besigheid. Sy deel enige inligting oor die week wat verby is, sowel as inligting oor wat hulle te wagte kan wees in die week wat voorlê. Dit sluit enige nuwe besluite rakende hul produkaanbiedinge in. Amy moedig oop kommunikasie met haar werknemers aan – enige van die werknemers kan dus hul bekommernisse, klagtes of bloot algemene inligting, met die bestuurspan deel.

Beauty het die vorige week versoek om met Amy te praat oor Sipho. Beauty was besorgd daaroor dat Sipho baie ongeskik met die kliente en met die ander kelners is, en dat hy gereeld oor sy salaris en die lang werksure kla. Beauty was bekommerd dat Sipho se gedrag handuitruk en dat dit 'n negatiewe uitwerking op die kommunikasie tussen die bedieningspersoneel het. Amy glo dat enige vorm van konflik 'n negatiewe uitwerking op die organisasie het en dus ten alle koste vermy moet word. Daarom het sy onderneem dat die nodige stappe gedoen sal word om die situasie reg te stel.

*Amy's Sweet Treats* is op die oomblik slegs Maandae tot Vrydae oop. Amy het besluit dat dit 'n goeie idee is om ook op Saterdag- en Sondagoggende besigheid te doen. Sy het hierdie idee met haar werknemers bespreek. In haar bespreking het Amy al die inligting rakende die verandering, insluitende die gevolge en die nuwe werksrolle van die werknemers verskaf. Sy het haar werknemers om hul menings gevra en het al die werknemers by die vergaderings oor die verandering ingesluit. Amy glo dat hierdie verandering goed vir hul besigheid sal wees, aangesien dit meer klante sal aanspoor om die koffiewinkel te besoek, veral dié wat gedurende die week werk.

Amy se kliente is meestal vroue wat verkies om hul ete in die tuin te geniet. Hulle kan egter ook wegneemetes bestel en spesiale bestellings plaas vir koeke en fyngebak vir spesiale geleenthede. Vanwee haar werkslas het Amy vir Michael aangestel om in beheer van die spesiale bestellings te wees. Sy het aan hom die nodige gesag en verantwoordelikheid gegee om hierdie taak doeltreffend te kan uitvoer.

Al die werknemers van *Amy's Sweet Treats* het uniforms wat hulle elke dag moet dra. Daar word ook van al die personeellede verwag om die kliente met 'n glimlag te groet en hulle huis te laat voel. Amy het oor die algemeen baie min formele reels en sy laat haar werknemers toe om

hulle in hul optrede te laat lei deur tradisies, lojaliteit, groepskohesie, sosialisering en selfbestuur. Amy het 'n aantal morele beginsels en waardes vir haar koffiewinkel neergelê, wat haar werknemers se gedrag beheer. Dit sluit die volgende in:

- Was altyd jou hande en dra die nodige haarnette en voorskote voordat daar met kos gewerk word. Moenie op enige manier die kos of drankies besmet nie
- Moet nooit kliente te veel geld vra vir hul bestellings nie, en moet nooit geld uit die kasregister steel of enigiets (insluitende kos) uit die winkel neem sonder toestemming nie

Amy en haar bestuurspan besoek elke Vrydag 'n plaaslike kinderhuis of ouetehuis om koeke en fyngebak te skenk. Een maal per maand help al die werknemers om toebroodjies te maak, wat hulle aan hawelose of honger mense in hul gemeenskap versprei. Die werknemers doen dit op 'n vrywillige basis, omdat hulle dit beskou as hulle manier om 'n positiewe verskil in die samelewing te maak.

**Beantwoord die volgende meervoudige keuse vrae op die merkleesblad wat voorsien word en omkring ook die korrekte antwoorde op hierdie eksamenvraestel.**

**Hoofstuk 1 – ‘n Uiteensetting van bestuur**

- 1 Watter bestuursteorie beskryf Amy se bestuurstyl die beste?
  - 1 Douglas McGregor se Teorie X
  - 2 Douglas McGregor se Teorie Y
  - 3 Chester Barnard se Aanvaardingsteorie van Gesag
  - 4 Elton Mayo se Hawthorne-effek
- 2 Jade volg die benadering tot bestuur.
  - 1 stelselteorie-
  - 2 gebeurlikheidsteorie-
  - 3 totale gehaltebestuurs-
  - 4 kwantitatiewe bestuurs-
- 3 Amy is besorgd dat alhoewel haar werkers opgelei is om lojaal aan hulle werk te wees, hulle **min** begrip het van die werk wat hulle moet doen. Na watter organisatoriese “leerongesiktheid” verwys hierdie stelling?
  - 1 Die mite van spanwerk
  - 2 Die wanopvatting om uit ervaring te leer
  - 3 Die vyand is daar buite.
  - 4 Ek is my pos
- 4 Die visie- en missieverklarings en die doelwitte van die winkel is veranderlikes in die omgewing van *Amy's Sweet Treats*.
  - 1 mikro-
  - 2 mark-
  - 3 taak-
  - 4 makro-
- 5 Thandi is die bestuurder van *Amy's Sweet Treats*.
  - 1 aankoop-
  - 2 inligtings-
  - 3 personeel- (menslikehulpbronne)
  - 4 openbare betrekkinge-
- 6 Die verskillende afdelings wat deur die vier vriende bestuur word, is deel van die .. omgewing van *Amy's Sweet Treats*.
  - 1 taak-
  - 2 mikro-
  - 3 mark-
  - 4 makro-

- 7 Amy's Sweet Treats doen primêr in die . . mark sake
- 1 verbruikers-
  - 2 nywerheids-
  - 3 herverkoops-
  - 4 internasionale
- 8 Die plaaslike boer wat aan Amy eiers en melk verskaf, en die koffiehuis wat aan haar koffiebone verskaf, is veranderlikes in die . . omgewing van Amy's Sweet Treats.
- 1 interne
  - 2 mikro-
  - 3 mark-
  - 4 makro-
- 9 "The Tea Garden Restaurant" is 'n veranderlike in die . . omgewing van Amy's Sweet Treats
- 1 mikro-
  - 2 mark-
  - 3 makro-
  - 4 interne
- 10 Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van 'n veranderlike in die makro-omgewing van Amy's Sweet Treats?
- 1 Die konstante kragonderbrekings.
  - 2 Die mededingende voordeel wat deur die aankoop van die kragopwekker verkry is.
  - 3 Die uniforms wat Amy se werknemers dra
  - 4 "The Tea Garden Restaurant"
11. Die innoverende koffiemasjen wat Amy gekoop het, is 'n veranderlike in die . . omgewing van Amy's Sweet Treats
- 1 fisiese
  - 2 sosiale
  - 3 internasionale
  - 4 tegnologiese
- 12 Die vakbond waarvan Chris die verteenwoordiger is, is 'n veranderlike in die ... omgewing van Amy's Sweet Treats wat 'n deel van die groter . . omgewing is
- 1 ekonomiese, makro-
  - 2 ekonomiese, mark-
  - 3 politieke, makro-
  - 4 politieke, mark-

**Hoofstuk 2 - Bestuurstaake**

13 As die algemene bestuurder is Amy verantwoordelik vir die hoofbestuurstaake by die koffiewinkel. Watter een van die volgende is **NIE** so 'n taak nie?

- 1 Leiding
- 2 Beplanning
- 3 Beheer
- 4 Magtiging

14 Watter bykomende bestuurstaak het Amy uitgevoer toe sy Michael in beheer van die spesiale bestellings geplaas het?

- 1 Koordinering
- 2 Delegering
- 3 Motivering
- 4 Kommunikering

15 Amy se pogings om haar personeel aan te wakker om vrywillig hulle bes te doen, verwys na watter bestuurstaak?

- 1 Besluitneming
- 2 Koordinering
- 3 Dissiplinering
- 4 Motivering

16 Thandi, Jade en Alex, as eerstelynbestuurders, sou doelwitte vir hulle afdelings ontwikkel, terwyl Amy . doelwitte vir die organisasie sou ontwikkel

- 1 strategiese, bedryfs-
- 2 taktiese; bedryfs-
- 3 bedryfs-, strategiese
- 4 strategiese; taktiese

17 Amy's *Sweet Treats* word in afdelings ingedeel volgens . .

- 1 klante
- 2 funksies.
- 3 projekte
- 4 geografiese verspreiding.

18. Angie doen regstreeks aan Thandi verslag. Na watter beginsel van organisering verwys hierdie stelling?

- 1 Eenheid van gesag
- 2 Verantwoordelikheid
- 3 Omvang van beheer
- 4 Aanspreeklikheid

19 Michael en Sarah staan Amy in die kombuis by en doen regstreeks aan haar verslag

Dit verwys na Amy se

- 1 trapbeginsel
- 2 eenheid van gesag.
- 3 omvang van beheer.
- 4 verdeling van take.

20 Watter een van die volgende is **NIE** 'n organisasiestruktuur wat Amy kan kies om in Amy's *Sweet Treats* te implementeer nie?

- 1 Strategiese struktuur
- 2 Lynstruktuur
- 3 Funksionele struktuur
- 4 Matriksstruktuur

21 Watter van die volgende is **NIE** bykomende take van leiding nie?

- a Kommunikasie
- b Leierskap
- c Motivering
- d Beheer
- e Spesialisering

Kies die korrekte kombinasie.

- 1 a, b, c
- 2 b, d, e
- 3 a, d
- 4 d, e

22 Indien Amy hoop om 'n goeie leier te wees, sou sy oor watter van die volgende eienskappe beskik?

- a Die vermoë om stres te hanteer
- b. Integriteit en eerlikheid
- c. Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid
- d Die vermoë om mense te beïnvloed
- e. Effektiewe tydsbestuursvaardighede

Kies die korrekte kombinasie

- 1 c, e
- 2 b, c, d
- 3 a, b, d
- 4 a, b, c, d, e

- 23 Amy kommunikeer 'n boodskap aan Thandi wat dan die boodskap aan Angie oordra. Dit is 'n voorbeeld van    kommunikasie in *Amy's Sweet Treats*
- 1      informele
  - 2      formele
  - 3      nieverbale
  - 4      mondelinge/verbale
- 24 Tanya het te make met 'n moeilike klant en is onseker hoe om die situasie te hanteer. Wanneer Amy vir Tanya advies gee oor hoe om die probleem reg te stel, word dit beskou as watter stap in die beheerproses?
- 1      Die probleem te identifiseer
  - 2      Om die standarde te stel
  - 3      Prestasie te meet
  - 4      Korrekturelle optrede te neem

### **Hoofstuk 3 – Leierskap en spanwerk**

25. Amy is bekend vir haar eerlikheid en integriteit, en haar omvangryke kennis van koeke en fyngebak. Dit is voorbeeld van die ... eienskappe van 'n leier.
- 1      formele
  - 2      gebeurlikheids- (contingent)
  - 3      tradisionele
  - 4      charismatiese
- 26 Jade kan beskryf word as 'n . . leier.
- 1      opportunistiese
  - 2      tradisionele
  - 3      charismatiese
  - 4      gebeurlikheids-
- 27 Watter lid van *Amy's Sweet Treats* kan beskryf word as 'n "buiteklub" (country club) - bestuurder?
- 1      Amy
  - 2      Thandi
  - 3      Michael
  - 4      Alex
28. Volgens Blake en Mouton se bestuursdiagram, kan Jade geklassifiseer word as 'n . . bestuurder
- 1      laissez-faire
  - 2      outokratiese
  - 3      gematigde
  - 4      span-

- 29 Amy het 'n meer . gerigte leierskapstyl, terwyl Jade 'n meer . gerigte leierskapstyl het.
- 1 taak-; mens-
  - 2 mens-; taak-
  - 3 proaktiewe, reaktiewe
  - 4 reaktiewe, proaktiewe
- 30 Alex is tans in fase van Hersey en Blanchard se lewensiklusteorie.
- 1 een
  - 2 twee
  - 3 drie
  - 4 vier
31. Watter een van die volgende stellings sou Alex se posisie in die lewensiklusteorie die beste beskryf?
- 1 Alex het 'n hoe verhoudingsgerigtheid, maar 'n lae taakgerigtheid
  - 2 Alex het 'n lae verhoudingsgerigtheid, en 'n lae taakgerigtheid
  - 3 Alex het 'n hoe taakgerigtheid, en 'n hoë verhoudingsgerigtheid.
  - 4 Alex het 'n hoe taakgerigtheid, maar 'n lae verhoudingsgerigtheid
- 32 Daar is fundamentele verskille tussen 'n groep en 'n span Watter een van die volgende stellings is korrek vir die bestuurspan?
- 1 Die lede het individuele aanspreeklikheid.
  - 2 Die prestasiedoelwitte word deur ander mense vasgestel.
  - 3 Die lede deel die leierskapsrolle
  - 4 Die span werk binne organisatoriese grense
- 33 Die bestuurspan van *Amy's Sweet Treats* is toegewydt tot die missie van die span en verbind daartoe om hulle doelwitte te bereik Die bestuurspan is in die . . stadium van spanontwikkeling
- 1 vorming-
  - 2 uitvoering-
  - 3 normering-
  - 4 bestorming-
- 34 Volgens Belbin, watter spanrol vervul Amy?
- 1 Die vormer
  - 2 Die moniteur evaluateerder
  - 3 Die koördineerder
  - 4 Die implementeerder

35 Thandi se rol in die span is die van die .. volgens Belbin se spanrolle.

- 1 vormer
- 2 voltooiier
- 3 spesialis
- 4 plant

36. Amy het 'n visie, 'n stel bedoelings en 'n verwysingsraamwerk waaruit sy lei Bowendien, kommunikeer sy 'n buitengewone fokus van toewyding wat mense na haar toe aantrek. Dit beskryf die bestuur van ..

- 1 aandag
- 2 betekenis
- 3 vertroue
- 4 die self

#### **Hoofstuk 4 – Interpersoonlike vaardighede**

37. As Amy 'n boodskap aan Jade stuur in verband met die aankoop van die nuwe koffiemasjien, watter rol in die kommunikasieproses sal Amy vervul?

- 1 Die ontvanger van die boodskap
- 2 Die dekoder van die boodskap
- 3 Die kommunikasiebron
- 4 Die kommunikasiekanaal

38 Wanneer Amy haar werknemers tydens die weeklikse vergaderings oor die nuwe produkaanbiedings inlig, staan dit bekend as .. kommunikasie

- 1 opwaartse
- 2 afwaartse
- 3 sywaarts
- 4 horizontale

39 As Amy haar werknemers toelaat om inligting aan die bestuurspan te verskaf, moedig sy . kommunikasie aan

- 1 opwaartse
- 2 afwaartse
- 3 sywaarts
- 4 horizontale

40. Gedurende hul etenspouses bespreek Sarah, Angie en Natasha hul oggende en ruil inligting onder mekaar uit wat vir hulle belangrik is. Dit is 'n voorbeeld van kommunikasie

- 1 nieverbale
- 2 formele
- 3 georganiseerde
- 4 informele

- 41 Alex se behoeftes om erkenning vir sy werk te kry, verteenwoordig watter vlak van Maslow se behoeftehierargie?
- 1 Selfverwesenlikingsbehoeftes
  - 2 Fisiologiese behoeftes
  - 3 Sosiale behoeftes
  - 4 Agtingsbehoeftes
- 42 Salaris en toesig motiveer Alex nie om ekstra moeite met sy werk te doen nie, en kan dus volgens Herzberg se tweefaktorteorie van motivering as faktore beskryf word.
- 1 motiverings-
  - 2 agtings-
  - 3 higiene-
  - 4 fisiologiese
- 43 Volgens McGregor, watter een van die volgende is 'n veronderstelling van Teorie X?
- 1 Werknemers beskou hul werk as net so natuurlik soos rus of speel.
  - 2 Die meeste werkers plaas sekuriteit bô alle ander faktore wat met hul werk gepaardgaan en sal min ambisie aan die dag lê
  - 3 Werknemers sal selfgerigtheid en selfbeheer uitoefen as hulle tot die organisasie se doelwitte verbind is
  - 4 Die gemiddelde persoon kan leer om verantwoordelikheid vir hul werk te aanvaar, of dit selfs na te streef.
- 44 Amy glo in die denkskool wanneer dit by konflikhantering kom
- 1 menseverhoudinge-
  - 2 tradisionele
  - 3 interaksionêre
  - 4 behavioristiese (gedrags)
- 45 Sipho se gedrag skep .. konflik in *Amy's Sweet Treats*
- 1 destruktiewe
  - 2 konstruktiewe
  - 3 funksionele
  - 4 produktiewe
- 46 Watter tipe konflik het voorgekom weens Sipho se voortdurende onbeskofte gedrag teenoor klante en die ander kelners?
- 1 Konflik van inligting
  - 2 Konflik van belang
  - 3 Konflik in waardes
  - 4 Konflik in verhoudings

47. Sipho se klagtes oor sy salaris en die lang werksure beskryf 'n konflik van , en meer spesifiek konflik oor kwessies
- 1 waardes, wesenlike
  - 2 inligting, prosedure-
  - 3 belang, wesenlike
  - 4 strukture; prosedure-
- 48 Watter een van die volgende is NIE 'n sleutelpunt wat Amy kan gebruik om die konflik in die koffiewinkel op te los nie?
- 1 Amy behoort verantwoordelikheid te aanvaar om die konflik te hanteer
  - 2 Amy behoort verdedigend te word as die werknemers kwaad, emosioneel of beskuldigend word.
  - 3 Amy behoort die eintlike probleem met Sipho te bespreek deur die grondreels toe te pas om konfrontasie te verminder
  - 4 Amy en Sipho behoort saam doelwitte te bepaal en 'n plan van aksie te ontwikkel om die situasie te verbeter

#### **oofstuk 5 – Hedendaagse kwessies deel 1**

49. Watter een van die volgende is NIE 'n waarneembare element van die organisatoriese kultuur van *Amy's Sweet Treats* nie?
- 1 Die oortuiging dat elke personeellid van *Amy's Sweet Treats* die klante moet laat huis voel
  - 2 Die stories, legendas en mites van *Amy's Sweet Treats*
  - 3 Die spesiale verjaarsdag- en jaareindvierings wat vir die personeel van *Amy's Sweet Treats* gehou word
  - 4 Die uniform wat elke personeellid dra en die logo van *Amy's Sweet Treats*
- 50 Amy verskaf mentorskap en afritging aan Alex aangesien hy nuut by die koffiewinkel is. Na watter bousteen van organisatoriese kultuur verwys hierdie stelling?
- 1 Vertellings
  - 2 Norme
  - 3 Simbole
  - 4 Sosialisering
- 51 Die uniforms wat die personeellede van *Amy's Sweet Treats* dra, verteenwoordig watter bousteen van die organisatoriese kultuur?
- 1 Praktyke
  - 2 Vertellings
  - 3 Simbole
  - 4 Norme

- 52 Watter tipe organisatoriese kultuur word tans in *Amy's Sweet Treats* aangetref?
- 1 Stamgroepkultuur
  - 2 Burokratiese kultuur
  - 3 Entrepreneurskultuur
  - 4 Markkultuur
- 53 Indien die organisatoriese kultuur van *Amy's Sweet Treats* voorsiening sou maak vir groter kreatiwiteit, vryheid, risikoneming en buigsaamheid, dan sou 'n . kultuur in die koffiewinkel teenwoordig wees
- 1 stamgroep-
  - 2 entrepreneurs-
  - 3 burokratiese
  - 4 mark-
- 54 Chris voel bedreig deur die nuwe koffiemasjien aangesien hy verkies om die status quo te handhaaf en nie die behoefte aan verandering erken nie. Dit verwys na watter faktor wat die verandering aan die organisatoriese kultuur 'n stadige en langdradige proses sal maak?
- 1 Weerstand teen verandering
  - 2 Selfbelang
  - 3 Onsekerheid
  - 4 Gebrek aan begrip en vertroue
- 55 Amy se werknemers bestaan uit mense van verskillende ouderdomme, rasse, geslagte en etnisiteite. Hierdie stelling verwys na die .. dimensie van diversiteit
- 1 formele
  - 2 informele
  - 3 primêre
  - 4 sekondêre
- 56 Jade se honneursgraad in finansiële bestuur en Sipho se salaris is voorbeeld van watter dimensie van diversiteit?
- 1 Primêre dimensie
  - 2 Sekondêre dimensie
  - 3 Formele dimensie
  - 4 Informele dimensie
- 57 Die kode van morele beginsels en waardes wat Amy uiteengesit het, beskryf die ... van die koffiewinkel.
- 1 korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid
  - 2 etiek
  - 3 korporatiewe burgerskap
  - 4 organisatoriese kultuur

- 58 Watter een van die volgende is **NIE** 'n voorbeeld van 'n primêre belanghebber van Amy's Sweet Treats nie?
- 1 Amy se klante wat vir tee en koek in die tuin kom
  - 2 Die plaaslike boer wat die melk en eiens voorsien
  - 3 Die bestuurspan, die kombuispersoneel en die kelners
  - 4 Die plaaslike gemeenskappe in die voorstede rondom Amy's Sweet Treats
- 59 Die donasies van koeke, fyngebak en toebroodjies is voorbeeld van die . verantwoordelikhede van Amy's Sweet Treats wat sy korporatiewe maatskaplike program betref
- 1 diskresionêre
  - 2 ekonomiese
  - 3 etiese
  - 4 regs-

### **Hoofstuk 6 – Hedendaagse kwessies deel 2**

60. In organisatoriese politiek, as 'n werknemer sy of haar posisie wil versterk, kragtige bondgenootskappe wil ontwikkel of koalisies met invloedryke mense wil vorm, staan dit bekend as die .
- 1 misbruik van inligting
  - 2 skepping van 'n gunstige beeld.
  - 3 ontwikkeling van 'n ondersteuningsbasis
  - 4 gunsverwerwing (*ingratiation*)
- 61 Gedurende watter fase van die veranderingsproses sal Amy verskillende soorte taktiek soos oorlegpleging en persoonlike aanklank gebruik om haar werknemers te beïnvloed om die verandering in handelsure te aanvaar?
- 1 Erken die behoefte aan verandering
  - 2 Ontvriesing
  - 3 Verandering
  - 4 Hervriesing
- 62 Die gunsverwerwing-taktiek om werknemers op die verandering voor te berei, verwys na die .
- 1 gebruik van lof, vleiersy of vriendelike optrede voordat 'n versoek gestel word.
  - 2 gebruik van logiese argument en feitelike bewyse
  - 3 betrokkenheid van ander in die beplanning of formulering van idees en strategiee
  - 4 bereidheid om 'n wederdiens te bewys of voordele te deel

63. Watter veranderingstyl het Amy gebruik toe sy werknemers om hul sienings van die veranderinge gevra het en hulle by die vergaderings betrek het?

- 1 Raadplegende
- 2 Rigtiggewende
- 3 Saamwerkende
- 4 Dwang

64 Die werknemers van *Amy's Sweet Treats* het aanvanklik die voorgestelde naweekveranderings teengestaan, omdat hulle gemaklik was met die huidige stand van sake en nie wou verander nie. Na watter rede vir weerstand teen verandering verwys dit?

- 1 Selfbelang
- 2 Gebrek aan begrip
- 3 Ekonomiese welstand
- 4 Sekuriteit en tradisie

65 Die werknemers van *Amy's Sweet Treats* is bekommerd oor die voorgestelde naweek-handelsure, omdat hulle weet dat dit hul huidige werkloading sal verhoog. Dit verwys na die " " –rede vir weerstand teen verandering

- 1 selfbelang
- 2 sekuriteit en tradisie
- 3 ekonomiese welstand
- 4 vrees vir die onbekende

66 Watter strategie om die weerstand teen verandering te bestuur, het Amy gebruik toe sy haar werknemers ingelig het oor die beplande verandering in handelsure, die gevolge daarvan en hul onderskeie werkrolle?

- 1 Kommunikasie en opvoeding
- 2 Vestiging van vertroue
- 3 Onderhandeling en instemming
- 4 Dwang

67 Indien die werknemers vertroue in Amy se betroubaarheid en integriteit het en haar visie vir die koffiewinkel aanvaar, sal die verandering 'n sukses wees. Watter strategie om weerstand teen verandering te bestuur beskryf hierdie stelling?

- 1 Deelname en betrokkenheid
- 2 Kommunikasie en opvoeding
- 3 Onderhandeling en ooreenkoms
- 4 Vestiging van vertroue

68 Sommige van Amy se werknemers verstaan nie hoe MIV/vigs oorgedra word nie. Watter een van die volgende is **NIE** 'n manier waarop die virus van een persoon na 'n ander oorgedra kan word nie?

- 1 Onbeskermde seksuele omgang met 'n geïnfekteerde persoon
- 2 Deel dieselfde toilet of eetgerei met 'n geïnfekteerde persoon.
- 3 Deel 'n naald of spuitnaald met 'n geïnfekteerde persoon
- 4 As gevolg van geboorte of borsvoeding deur 'n geïnfekteerde moeder

69 Watter een van die volgende stellings is **NIE** waar met betrekking tot die wette wat MIV/vigs in die werkplek reguleer nie?

- 1 MIV-positiewe werknemers het dieselfde regte en pligte as ander werknemers en kan nie anders behandel word op grond van hul status nie
- 2 Geen werkgever kan van 'n werknemer of applikant vereis om vir 'n MIV-toets te gaan nie
- 3 Werknemers word regtens vereis om hul MIV-status aan hul werkgewers of kollegas te openbaar.
- 4 'n Werknemer mag nie geteister, ontslaan of gedwing word om te bedank op grond van sy of haar MIV-positiewe status nie

70 Watter van die volgende is funksies van 'n MIV/vigs-beleid?

- a Dit stel die standaard vir kommunikasie oor MIV/vigs
- b Dit behoort die prosedure te beskryf wat gevolg moet word wanneer MIV-positiewe werknemers weens hul siekte afwesig is
- c Dit lig die werknemers in oor beskikbare bystand
- d Dit identifiseer en beskerm werkgewers en werknemers se regte en verantwoordelikhede in die konteks van MIV/vigs
- e Dit beklemtoon die styging in die mediese fondsbydraes van maatskappye en hul werknemers

Kies die korrekte kombinasie.

- 1 b, e
- 2 a, c, d
- 3 b, c, e
- 4 a, b, c, d, e

**Totaal = 70 punte**

PART 1 (GENERAL/ALGEMEEN) DEEL 1

STUDY UNIT e.g. PSY100-X  
STUDIE EENHEID by PSY100 X

PAPER NUMBER  
VRAESTELNOMMER

INITIALS AND SURNAME  
VOORLETTERS EN VAN

3

DATE OF EXAMINATION  
DATUM VAN EKSAMEN

4

EXAMINATION CENTRE (E.G. PRETORIA)  
EKSAMENSENTRUM (BV. PRETORIA)

university  
of south africa

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

EKSAMEN-MERKLEESBLAD

STUDENT NUMBER STUDENTENOMMER									
6	7	8	9	10	11	12	13	14	15
c01	c01	c03							
c11	c11	c13							
c21	c21	c23							
c31	c31	c33							
c41	c41	c43							
c51	c51	c53							
c61	c61	c63							
c71	c71	c73							
c81	c81	c83							
c91	c91	c93							

UNIQUE PAPER NO. UNIEKE VRAESTEL NR.									
10	11	12	13	14	15	16	17	18	19
e01	e01	e03							
e11	e11	e13							
e21	e21	e23							
e31	e31	e33							
e41	e41	e43							
e51	e51	e53							
e61	e61	e63							
e71	e71	e73							
e81	e81	e83							
e91	e91	e93							

IMPORTANT

- 1 USE ONLY AN HB PENCIL TO COMPLETE THIS SHEET
- 2 MARK LIKE THIS
- 3 CHECK THAT YOUR INITIALS AND SURNAME HAS BEEN FILLED IN CORRECTLY
- 4 ENTER YOUR STUDENT NUMBER FROM LEFT TO RIGHT
- 5 CHECK THAT YOUR STUDENT NUMBER HAS BEEN FILLED IN CORRECTLY
- 6 CHECK THAT THE UNIQUE NUMBER HAS BEEN FILLED IN CORRECTLY
- 7 CHECK THAT ONLY ONE ANSWER PER QUESTION HAS BEEN MARKED
- 8 DO NOT FOLD

For use by examination invigilator

Vir gebruik deur eksamenopsiener

BELANGRIK

- 1 GEBRUIK SLEGS N HB POTlood OM HIERDIE BLAD TE VOLTOOI
- 2 MERK AS VOLG
- 3 KONTROLEER DAT U VOORLETTERS EN VAN REG INGEVUL IS
- 4 VUL U STUDENTENOMMER VAN LINKS NA REGS IN
- 5 KONTROLEER DAT U DIE KORREKTE STUDENTENOMMER VERSTREK HET
- 6 KONTROLEER DAT DIE UNIEKE NOMMER REG INGEVUL IS
- 7 MAAK SEKER DAT NET EEN ALTERNATIEF PER VRAAG GEMERK IS
- 8 MOENIE VOU NIE

PART 2 (ANSWERS/ANTWOORDE) DEEL 2

1 c11 c23 c33 c43 c53  
2 c11 c23 c33 c43 c53  
3 c11 c23 c33 c43 c53  
4 c11 c23 c33 c43 c53  
5 c11 c23 c33 c43 c53  
6 c11 c23 c33 c43 c53  
7 c11 c23 c33 c43 c53  
8 c11 c23 c33 c41 c53  
9 c11 c23 c33 c43 c53  
10 c11 c23 c33 c43 c53

10

36 c11 c23 c33 c43 c53  
37 c11 c23 c33 c43 c53  
38 c11 c23 c33 c43 c53  
39 c11 c23 c33 c43 c53  
40 c11 c23 c33 c43 c53  
41 c11 c23 c33 c43 c53  
42 c11 c23 c33 c43 c53  
43 c11 c23 c33 c41 c53  
44 c11 c23 c33 c43 c53  
45 c11 c23 c33 c43 c53

71 c11 c23 c33 c43 c53  
72 c11 c23 c33 c43 c53  
73 c11 c23 c33 c43 c53  
74 c11 c23 c33 c43 c53  
75 c11 c23 c33 c43 c53  
76 c11 c23 c33 c43 c53  
77 c11 c23 c33 c43 c53  
78 c11 c23 c33 c43 c53  
79 c11 c23 c33 c43 c53  
80 c11 c23 c33 c43 c53  
81 c11 c23 c33 c43 c53  
82 c11 c23 c33 c43 c53  
83 c11 c23 c33 c43 c53  
84 c11 c23 c33 c43 c53  
85 c11 c23 c33 c43 c53  
86 c11 c23 c33 c43 c53  
87 c11 c23 c33 c43 c53  
88 c11 c23 c33 c43 c53  
89 c11 c23 c33 c43 c53  
90 c11 c23 c33 c43 c53  
91 c11 c23 c33 c43 c53  
92 c11 c23 c33 c43 c53  
93 c11 c23 c33 c43 c53  
94 c11 c23 c33 c43 c53  
95 c11 c23 c33 c43 c53  
96 c11 c23 c33 c43 c53  
97 c11 c23 c33 c43 c53  
98 c11 c23 c33 c43 c53  
99 c11 c23 c33 c43 c53  
100 c11 c23 c33 c43 c53

108 c11 c23 c33 c43 c53  
107 c11 c23 c33 c43 c53  
108 c11 c23 c33 c43 c53  
109 c11 c23 c33 c43 c53  
110 c11 c23 c33 c43 c53  
111 c11 c23 c33 c43 c53  
112 c11 c23 c33 c43 c53  
113 c11 c23 c33 c43 c53  
114 c11 c23 c33 c43 c53  
115 c11 c23 c33 c43 c53  
116 c11 c23 c33 c43 c53  
117 c11 c23 c33 c43 c53  
118 c11 c23 c33 c43 c53  
119 c11 c23 c33 c43 c53  
120 c11 c23 c33 c43 c53  
121 c11 c23 c33 c43 c53  
122 c11 c23 c33 c43 c53  
123 c11 c23 c33 c43 c53  
124 c11 c23 c33 c43 c53  
125 c11 c23 c33 c43 c53  
126 c11 c23 c33 c43 c53  
127 c11 c23 c33 c43 c53  
128 c11 c23 c33 c43 c53  
129 c11 c23 c33 c43 c53  
130 c11 c23 c33 c43 c53  
131 c11 c23 c33 c43 c53  
132 c11 c23 c33 c43 c53  
133 c11 c23 c33 c43 c53  
134 c11 c23 c33 c43 c53  
135 c11 c23 c33 c43 c53  
136 c11 c23 c33 c43 c53  
137 c11 c23 c33 c43 c53  
138 c11 c23 c33 c43 c53  
139 c11 c23 c33 c43 c53  
140 c11 c23 c33 c43 c53

11 c11 c23 c33 c41 c53  
12 c11 c23 c33 c43 c53  
13 c11 c23 c33 c43 c53  
14 c11 c23 c33 c43 c53  
15 c11 c23 c33 c43 c53  
16 c11 c23 c33 c43 c53  
17 c11 c23 c33 c43 c53  
18 c11 c23 c33 c43 c53  
19 c11 c23 c33 c43 c53  
20 c11 c23 c33 c43 c53  
21 c11 c23 c33 c43 c53  
22 c11 c23 c33 c43 c53  
23 c11 c23 c33 c42 c53  
24 c11 c23 c33 c43 c53  
25 c11 c23 c33 c43 c53  
26 c11 c23 c33 c43 c53  
27 c11 c23 c33 c43 c53  
28 c11 c23 c33 c43 c53  
29 c11 c23 c33 c43 c53  
30 c11 c23 c33 c43 c53  
31 c11 c23 c33 c43 c53  
32 c11 c23 c33 c43 c53  
33 c11 c23 c33 c43 c53  
34 c11 c23 c33 c43 c53  
35 c11 c23 c33 c43 c53

61 c11 c23 c33 c43 c53  
62 c11 c23 c33 c43 c53  
63 c11 c23 c33 c43 c53  
64 c11 c23 c33 c43 c53  
65 c11 c23 c33 c43 c53  
66 c11 c23 c33 c43 c53  
67 c11 c23 c33 c43 c53  
68 c11 c23 c33 c43 c53  
69 c11 c23 c33 c43 c53  
70 c11 c23 c33 c43 c53

96 c11 c23 c33 c43 c53  
97 c11 c23 c33 c43 c53  
98 c11 c23 c33 c43 c53  
99 c11 c23 c33 c43 c53  
100 c11 c23 c33 c43 c53  
101 c11 c23 c33 c43 c53  
102 c11 c23 c33 c43 c53  
103 c11 c23 c33 c43 c53  
104 c11 c23 c33 c43 c53  
105 c11 c23 c33 c43 c53

Specimen only